No 25 - 2025] Second Session, Seventh Parliament

# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

═══════════════════════

THURSDAY, 27 NOVEMBER 2025

1. The House met at 14:15.

2. The Speaker took the Chair and read the prayer.

3. [14:16] The Speaker made a general announcement regarding the sitting of the Western Cape Provincial Parliament in accordance with Rule 1A of the Standing Rules pertaining to Members in remote attendance by electronic means.

4. [14:18] The Leader of the Opposition Party (Mr M K Sayed) moved: That precedence be given in terms of Standing Rule 20(2) to Notice of Motion no 1 as printed in his name on the Order Paper.

   Motion negatived.

5. [14:21] The Chief Whip of the Majority Party (Mr G Bosman) moved: That, notwithstanding the provisions of Rule 20(1), precedence be given to the subject for discussion.

   Agreed to.

6. [14:24] The Chief Whip of the Majority Party (Mr G Bosman) moved: That the House refers the Final Mandate conferred by the House on 13 November 2025 on the Independent Municipal Demarcation Authority Bill be transmitted to the National Council of Provinces (NCOP) as a Final Voting Mandate in order to facilitate and support the NCOP process in considering provincial mandates in the above regard and to enable the conclusion of the mandate-taking and voting process accordingly.

   Agreed to.

7. [14:25] The House discussed the following subject in the name of Hon F C Christians:

   Procedures and interventions of the Western Cape Education Department to ensure the safety of teachers, learners and school environments in cases involving learners affected by substance use.

   Debate concluded.

8. [15:28] Interpellations.

9. [16:27] Questions.

10. [17:28] Statements by Members.

11. [17:49] Response to statements by Members by Mr D J Maynier, Minister of Education.

12. [17:53] Motions without notice *(in accordance with Standing Rule 150).*

13. Mr G Bosman moved without notice: That the House expresses its condolences on the passing away of Sharna Fernandez and conveys heartfelt sympathy to her family; notes that Ms Fernandez served as a Member of the Western Cape Provincial Parliament for ten years over two terms and served the people of the Western Cape with dedication as Speaker of the House and later as Minister of Social Development; acknowledges that her leadership was marked by compassion, integrity and an unwavering commitment to uplifting vulnerable communities; further notes that Ms Fernandez was a tireless activist for social justice, the protection and care of the elderly and the fight against gender-based violence; and recognises that her warm spirit, deep humanity and sincere devotion to public service have left a lasting legacy that will continue to inspire Members of this House and the people of the Western Cape for many years to come.

    Agreed to.

14. Mr T C R Walters moved without notice: That the House expresses its deepest condolences on the passing away of Dr Franklin Abraham Sonn and extends heartfelt sympathy to his wife, children and extended family; notes that Dr Sonn made his mark in the Western Cape as Principal of Spes Bona High School in Athlone and later as Rector of Peninsula Technikon (now part of CPUT) from 1978 to 1994; further notes that he served as South Africa's first democratic Ambassador to the United States from 1995 to 1998, representing our country with dignity and vision; recognises his role as a courageous anti-apartheid activist, a pioneering business leader and a committed educator and public servant; also acknowledges his many awards, including the Silver Order of the Baobab; and notes that Dr Sonn's life embodied integrity, reconciliation and service, leaving a powerful legacy for the Western Cape and all South Africa.

    Agreed to.

15. Ms B M van Minnen moved without notice: That the House notes with sadness the tragic suicide death of a 9-year-old learner at the Delft North Primary School in Cape Town last week; acknowledges the deep impact that such a loss has on the family, the school community and the broader Delft community; extends its heartfelt condolences to the family, friends, teachers and classmates of the young learner during this time of immeasurable grief; and calls for continued support, compassion and strengthened mental health resources for children and families across the province to help prevent such tragedies in future.

    Agreed to.

16. Ms B M van Minnen moved without notice: That the House expresses its deepest condolences to the families, friends and fellow athletes of the two participants who tragically lost their lives during the Ironman 70.3 Mossel Bay race held on Sunday 16 November 2025; notes that the race –ordinarily a celebration of human endurance, de-

termination and sporting excellence – was overshadowed by grief following the announcement of these heartbreaking fatalities during the gruelling event; acknowledges the emotional impact this tragedy has had on the endurance sports community, organisers, volunteers and the many athletes whose sense of achievement at the finish line was tempered by the loss of their peers; further conveys gratitude to the emergency personnel, medical teams and organisers who acted swiftly and professionally under deeply distressing circumstances; and calls for continued support to all affected as the community mourns this devastating loss.

Agreed to.

17. Mr M Booysen moved without notice: That the House notes that November is globally recognised as Diabetes Awareness Month, with World Diabetes Day being commemorated on Friday 14 November 2025; further notes that this year's theme "Diabetes across life stages" highlights the reality that diabetes can affect individuals at any point in their lives – from early childhood through to old age; acknowledges the importance of raising awareness about prevention, early detection and effective management of diabetes to ensure that those living with the condition are able to lead healthy, fulfilling and productive lives; calls on communities, healthcare providers and government stakeholders to continue strengthening education, support and resources for diabetes care across all life stages; and commends the ongoing efforts of organisations and advocates dedicated to improving outcomes for people affected by diabetes.

Agreed to.

18. Ms W F Kaizer-Philander moved without notice: That the House notes with deep sorrow the tragic death of three-year-old Khy'ree Jordan who passed away on Sunday evening after being struck by a vehicle in Elsies River; extends its heartfelt condolences to the family and loved ones of young Khy'ree Jordan during this time of immeasurable grief; and calls for a thorough and transparent investigation and for appropriate support to be provided to the affected family and community.

Agreed to.

19. Mr P Johnson moved without notice: That the House congratulates the Durbanville Primary School and the Courtrai Primary School after winning their respective national titles at the Rising Star Tennis Tournament held in Gauteng East from 31 October to 2 November 2025; notes that both teams went undefeated, with Durbanville securing the first-ever boys' national victory for a Western Cape school, and Courtrai's under 13A girls team adding to wins at several major tournaments; and commends these young athletes, their coaches and schools for their outstanding achievements.

Agreed to.

20. Mr M K Sayed moved without notice: That the House notes and congratulates Koketso Mogashoa, a master's student at the Cape Peninsula University of Technology, on winning the Best Oral Presentation Award at the SMLTSA Congress; acknowledges her outstanding research on the early detection of endothelial dysfunction in type 2 diabetes; notes her dedication and resilience, and the support of her supervisors and collaborators; notes that this achievement brings honour to her, to her family and to CPUT; and wishes her continued success in her academic and research endeavours.

Agreed to.

21. Ms N D Nkondlo moved without notice: That the House notes with profound sadness the passing away of Dr Franklin Sonn, esteemed educator, diplomat and business leader; acknowledges Dr Sonn's extraordinary service to South Africa, first as a principled and visionary educator, rising to Rector of the Peninsula Technikon, and later as the country's first democratic-era Ambassador to the United States; further recognises his contributions to business, his advocacy for economic empowerment and his lifelong commitment to justice, equality and nation-building; notes his leadership, integrity and moral conviction have left a lasting legacy in education, public service and in the hearts of the many people he inspired; and extends its deepest condolences to his family, friends, colleagues and all whose lives he touched.

    Agreed to.

22. Mr F Kamfer moved without notice: That the House notes with deep sorrow the passing away of June Philander, a 75-year-old Hanover Park resident, following weeks of distress related to her housing situation; notes that her death, amidst this crisis, highlights the severe challenges faced by vulnerable residents in the province; and extends heartfelt condolences to her family, loved ones and the broader Hanover Park community.

    Agreed to.

23. Ms A P Bans moved without notice: That the House notes with deep sadness the passing away of Sharna Gail Fernandez, former Speaker of the Western Cape Provincial Parliament and former provincial Minister of Social Development; honours her distinguished legacy of public service, from her early community activism beginning in 2011, to her election to Parliament in 2014 where she served as Speaker, and later as Minister of Social Development; notes that she was a passionate advocate for vulnerable residents, social grant beneficiaries and the elderly; further acknowledge her personal courage and resilience, having overcome serious illness earlier in life, she led with humility and compassion, placing people at the centre of her work; notes her commitment to women's rights and her steadfast fight against gender-based violence remains an integral part of her legacy; and extends sincere condolences to her mother, her son and her extended family and friends during this time of grief.

    Agreed to.

24. Mr B N Ngqentsu moved without notice: That the House notes with profound sorrow the passing away of Vincent Mthathi, a respected senior manager at the Codeta head office; notes that Mthathi served with unwavering dedication, integrity and commitment, contributing significantly to the organisation's operations and leadership; notes that his professionalism, guidance and steadfast service earned him the respect of colleagues, stakeholders and the broader transport community; further notes that his passing away is a deep loss to his family, to Codeta and to all who had the privilege of working with him; and conveys its heartfelt condolences to his loved ones, friends and the Codeta fraternity during this difficult time.

    Agreed to.

25. Ms P Z Lekker moved without notice: That the House notes with deep sorrow the tragic death of Angelo Adams of Mitchells Plain who was fatally struck in a horrific multi-vehicle crash on Eisleben Road; and conveys its deepest condolences to his family, friends and all who mourn his loss.

    Agreed to.

26. Mr B N Ngqentsu moved without notice: That the House notes with profound sadness the tragic passing away of Susan Kok (78) whose body was found abandoned in a field on Waarburgh Road in Joostenberg Vlakte; and conveys its deepest condolences to her daughter, Shireen Christians, her grandchildren, family, friends and the broader community who mourn her loss.

Agreed to.

27. Mr J Michels moved without notice: That the House warmly congratulate Kelly Shay Newman on her election to the Women's Springbok team; notes that her dedication and hard work have truly paid off; congratulates Dimitri Erasmus on his participation in the Junior Springbok rugby team that won the World Cup; notes that his achievements are a testament to his talent and perseverance; expresses immense pride in both athletes; expresses the hope that their success will inspire many more people not only in Grabouw, but also further afield in the Western Cape; and thanks the athletes for being an inspiration to many young people, and for positively inspiring the youth.

Agreed to.

28. Ms R Windvogel moved without notice: That the House notes with deep alarm the recent reports of a disturbing rise in child rapes in the Western Cape, including the horrific cases of a 1-year-and-nine-month-old child and a 7-year-old learner who were allegedly raped; further notes that these incidents highlight severe failures in child-protection systems, including inadequate safety measures in schools, weak community safeguarding structures, and insufficient preventative and support mechanisms; recognises that these crimes represent a profound violation of children's rights and dignity and that urgent, coordinated government action is required to protect vulnerable children across the province; therefore calls on the Western Cape Government to urgently convene an inter-departmental task team comprising the Departments of Education, Social Development, Community Safety, and SAPS to develop a comprehensive and time-bound response plan to address the rising incidents of sexual violence against children; further calls on the Standing Committees responsible for Social Development and Community Safety to conduct immediate oversight on these cases and to require the relevant departments and SAPS to report on investigative progress, child-safety protocols in schools, victim-support mechanisms, and preventative interventions in at-risk communities; urges the provincial government to strengthen safeguarding measures in schools, ensure that all cases are swiftly and thoroughly investigated, allocate additional resources for trauma counselling and child-protection services, and engage parents, school governing bodies, community structures, and civil society organisations in prevention efforts.

Agreed to.

29. Ms R Windvogel moved without notice: That the House notes with serious concern the escalating measles outbreaks reported across the Western Cape, particularly in communities such as Khayelitsha, Mfuleni, Eerste River, Somerset West, Mitchells Plain, Kraaifontein, and Wesbank, where children are most at risk; further notes that the provincial Department of Health and Wellness has recorded a significant decline in childhood vaccination coverage, with immunisation for children under one year dropping to approximately 67.4%, far below the 95% target required to achieve herd immunity and prevent widespread transmission; recognises that measles is a highly contagious yet vaccine-preventable disease that can lead to severe complications, including pneumonia,

diarrhoea, encephalitis, and blindness, particularly among infants and vulnerable children; welcomes the National Immunisation Catch-up Drive currently underway in the Western Cape, during which all public health facilities and outreach teams are providing free routine and catch-up immunisations to close immunity gaps; expresses alarm that declining vaccination rates threaten not only individual children but the entire population, placing communities at greater risk of further outbreaks; therefore calls on the Provincial Government to urgently intensify community-based vaccination outreach programmes in high-risk communities; to strengthen public health communication campaigns to address misinformation and vaccine hesitancy; to ensure a stable and sufficient supply of measles vaccines in collaboration with national authorities; and to improve disease surveillance, early detection, and reporting mechanisms to enable rapid response to emerging cases; urges all parents, caregivers, and communities to utilise the available public health services and ensure that all children are fully immunised to safeguard their health and protect the broader public.

Agreed to.

30. Ms N D Nkondlo moved without notice: That the House notes with deep shock and outrage the brutal and senseless killing of 27-year-old mother, Simnikiwe Nkinisa, who was allegedly stabbed multiple times by her boyfriend, Olwethu Silelo, in PA Hamlet, Ceres; further notes that this horrific act has left the Witzenberg community traumatised and once again exposed the devastating and escalating reality of Gender-Based Violence and Femicide (GBVF) in the Western Cape; expresses grave concern that this tragedy occurred during the 16 Days of Activism for No Violence Against Women and Children, a period intended for intensified action against GBV, yet another woman has lost her life at the hands of an intimate partner; acknowledges with sadness that Simnikiwe had reportedly sent her twins away from home due to the toxic and abusive environment created by the perpetrator, an act that reflects both her courage to protect her children and the silent suffering many women continue to endure; welcomes the swift action of the South African Police Service (SAPS) in apprehending the suspect, who is currently in custody at the PA Hamlet Police Station; for the harshest possible sentence to be imposed upon conviction and emphasises that justice must not only be done but must be seen to be done to restore community confidence and protect other women from similar harm; conveys its heartfelt condolences to the family of Simnikiwe, particularly to her young children, who now face life without their mother because of a cowardly and senseless act of violence; further asserts that enough is enough, our society cannot continue burying women and children while becoming numb to the violence that surrounds us.

Agreed to.

31. Ms N D Nkondlo moved without notice: That the House take note and be seized with the looming conflicts of licensed taxi operators versus unlicensed and illegal operators that are operating in Witzenberg between PA Hamlet and Ceres route; this conflict has led to women taxi operators being intimidates and their drivers threatened by the unlicensed operators on this route; this matter has been reported to the local police and a case of intimidation opened, with the woman taxi owner applying for an interdict against these illegal operators, we wish to call on Minister Sileku and the Mayor to take serious this situation whose potential could be deadly and sacrifice passenger lives. In this period of 26 days, it is unfortunate that women continue to be harassed and are easy targets to such

lawlessness in full view of authorities and the security of the state; we call on the Minister to urgently engage the municipality on the challenges in transport planning that lead to this crisis whilst the very municipality approves, and has witnessed the heightened growth of the town due to influx; why is transport planning lagging behind the very housing, shopping malls and other related developments that drive economic activities, and thus transport need for people to commute. It is shocking to hear from Ceres Taxi association that no new operating licenses had been approved in the area since 2011 was 115 946, projected at 162 7q5 for 2025 and an annual growth rate of 1.9%. The department must answer as to how many operating licenses exist currently for such a population and provisions made for new and renewals to cater for that almost 2% growth in the town; feed the narrative of a violent taxi industry; the municipality and the Department must view and treat the industry as important stakeholders in the planning and licensing, and accord then the respect and recognition they give to big business; and thank Member Benson Ngqentsu, including the HOD of Mobility for allowing the Chief Director of Transport Operations and an official from Transport Law enforcement to join the stakeholder meeting that sat on this issue. Further calling on SAPS and law enforcement to act decisively to restore safety in the town.

Agreed to.

32. Ms A P Bans moved without notice: That the House notes that 1 December marks World AIDS Day, a global day of solidarity dedicated to raising awareness about HIV and AIDS, honouring those who have lost their lives, and recommitting to the fight against stigma, discrimination, and inequality; further notes that South Africa continues to carry a significant HIV burden, making it essential that government, civil society, and communities work together to strengthen prevention, treatment, and support programmes; acknowledges the progress made through expanded access to antiretroviral therapy, ongoing public education, and community-based initiatives, while recognising that more must be done to address gaps in healthcare access, especially in vulnerable and marginalised communities; therefore calls on all sectors to intensify efforts towards achieving an AIDS-free generation and reaffirms its commitment to supporting evidence-based interventions, protecting human rights, and ensuring that no person is left behind in the fight against HIV and AIDS.

Agreed to.

33. The House adjourned at 18:33.

NPetersen Digitally signed by Nicole Petersen Date: 2026.01.26 12:53:17 +02'00'

Nicole Petersen
Acting Secretary to the Provincial Parliament

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

DONDERDAG, 27 NOVEMBER 2025

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.

2. Die Speaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.

3. [14:16] Die Speaker doen 'n algemene aankondiging met betrekking tot die sitting van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement in ooreenstemming met Reël 1A van die Staande Reëls van toepassing op Lede wat op afstand teenwoordig is met behulp van elektroniese middele.

4. [14:18] Die Leier van die Opposisieparty (mnr M K Sayed) stel voor: Dat, ingevolge Staande Reël 20(2), voorrang gegee word aan die eerste voorstel met kennisgewing wat in sy naam op die Ordelys gedruk is.

   Voorstel afgekeur.

5. [14:21] Die Hoofsweep van die Meerderheidsparty (mnr G Bosman) stel sonder kennisgewing voor: Dat, ondanks die bepalings van Reël 20(2), die onderwerp vir bespreking voorrang het.

   Goedgekeur.

6. [14:24] Die Hoofsweep van die Meerderheidsparty (mnr G Bosman) stel voor: Dat die Huis die finale mandaat wat op 13 November 2025 deur die Huis aan die Wetsontwerp op die Onafhanklike Munisipale Afbakeningsowerheid ("Independent Municipal Demarcation Authority Bill") verleen is, aan die Nasionale Raad van Provinsies (NRVP) as 'n finale stemmandaat oorgedra word ten einde die NRVP se proses om oorweging aan die provinsiale mandate oor bogenoemde onderwerp te skenk, te fasiliteer en te ondersteun, en om die afhandeling van die mandaatgewing en stemproses dienooreenkomstig moontlik te maak .

   Goedgekeur.

7. [14:25] Die Huis bespreek die volgende onderwerp in die naam van agb F C Christians:

   Die versuim van die nasionale regering om toereikend aandag te skenk aan die sistemiese kwessies wat tot die vlaag kindermoorde in die Wes-Kaap aanleiding gee.

   Debat afgesluit.

8. [15:28] Interpellasies.

9. [16:27] Vrae.

10. [17:28] Verklarings deur Lede.

11. [17:49] Reaksie op verklarings deur Lede deur mnr D J Maynier, Minister van Onderwys.

12. [17:53] Voorstelle sonder kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 150).*

13. Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis meegevoel betuig ná die dood van Sharna Fernandez en innige meegevoel betuig met haar familie; kennis neem dat me Fernandez vir 10 jaar oor twee termyne as ’n Lid van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement gedien het en die mense van die Wes-Kaap met toewyding as Speaker van die Huis en later as Minister van Maatskaplike Ontwikkeling gedien het; erkenning gee dat haar leierskap gekenmerk is deur medelye, integriteit en ’n onwrikbare toewyding om weerlose gemeenskappe op te hef; verder kennis neem dat me Fernandez ’n onvermoeide aktivis vir maatskaplike geregtigheid, die beskerming en versorging van bejaardes en die stryd teen geslagsgebaseerde geweld was; en erkenning gee dat haar hartlike gees, diepe medemenslikheid en opregte toewyding aan die staatsdiens ’n blywende nalatenskap gelaat het wat die Lede van hierdie Huis en die mense van die Wes-Kaap nog vir jare sal inspireer.

    Goedgekeur.

14. Mnr T C R Walters stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis diepe meegevoel betuig ná die dood van dr Franklin Abraham Sonn en innige meegevoel betuig met sy vrou, kinders en uitgebreide familie; kennis neem dat dr Sonn diep spore in die Wes-Kaap getrap het as Skoolhoof van die Hoërskool Spes Bona in Athlone en later as Rektor van die Skiereiland-tegnikon (nou deel van KSUT) vanaf 1978 tot 1994; verder kennis neem dat hy vanaf 1995 tot 1998 as Suid-Afrika se eerste demokratiese Ambassadeur in die Verenigde State gedien het, en ons land met waardigheid en visie verteenwoordig het; erkenning gee aan sy rol as ’n dapper aktivis teen apartheid, ’n baanbrekende sakeleier en ’n toegewyde opvoeder en staatsamptenaar; ook erkenning gee aan sy verskeie toekennings, insluitende die Silwer Orde van die Boabab; en kennis neem dat dr Sonn se lewe integriteit, versoening en diens vergestalt het, en ’n kragtige nalatenskap vir die Wes-Kaap en die hele Suid-Afrika laat.

    Goedgekeur.

15. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met hartseer kennis neem van die tragiese selfdood van ’n 9-jarige leerder van die Primêre Skool Delft-Noord verlede week in Kaapstad; erkenning gee aan die diepe impak wat so ’n verlies op die familie, die skoolgemeenskap en die groter Delft-gemeenskap het; innige meegevoel betuig met die familie, vriende, onderwysers en klasmaats van die jong leerder in hierdie tyd van onmeetbare droefheid; en ’n beroep doen op voortgesette ondersteuning, medelye en versterkte geestesgesondheidshulpbronne vir kinders en families in die provinsie om te help om sulke tragedies in die toekoms te voorkom.

    Goedgekeur.

16. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis innige meegevoel betuig met die families, vriende en medeatlete van die twee deelnemers wat op tragiese wyse hul lewe verloor het gedurende die Ironman 70.3-wedloop wat op Sondag 16 Novem-

ber 2025 in Mosselbaai gehou is; kennis neem dat die wedloop – wat gewoonlik ’n viering van menslike uithouvermoë, vasberadenheid en sportuitnemendheid is – deur droefheid oorskadu is ná die aankondiging van hierdie hartverskeurende sterftes gedurende die veeleisend geleentheid; erkenning gee aan die emosionele uitwerking wat hierdie tragedie gehad het op die uithousportgemeenskap, organiseerders, vrywilligers en die talle atlete wie se gevoel van sukses by die eindstreep deur die dood van hul medeatlete gedemp is; verder dankbaarheid uitspreek teenoor die noodpersoneel, mediese spanne en organiseerders wat onder diep ontstellende omstandighede vinnig en professioneel opgetree het; en ’n beroep doen op voortgesette ondersteuning aan almal wat hierdeur geraak is terwyl die gemeenskap hierdie verpletterende verlies betreur.

Goedgekeur.

17. Mnr M Booysen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat November wêreldwyd as Diabetesbewustheidsmaand erken word, met Wêrelddiabetesdag wat op Vrydag 14 November 2025 herdenk word; verder kennis neem dat vanjaar se tema “Diabetes in lewenstadiums” die werklikheid beklemtoon dat diabetes individue in enige stadium van hul lewe kan raak – van die vroeë kinderjare tot bejaardheid; erkenning gee aan die belangrikheid om bewusmaking te skep oor voorkoming, vroeë opsporing en doeltreffende behandeling van diabetes om toe te sien dat diegene wat met die toestand leef, ’n gesonde, bevredigende en produktiewe lewe kan lei; ’n beroep doen op gemeenskappe, gesondheidsorgverskaffers en staatsbelanghebbendes om voort te gaan om opvoeding, ondersteuning en hulpbronne vir diabetesversorging in alle lewenstadiums te versterk; en die voortgesette pogings van organisasies en kampvegters aanprys wat toegewyd is om uitkomste te verbeter vir mense wat deur diabetes geraak is.

Goedgekeur.

18. Me W F Kaizer-Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die tragiese dood van die driejarige Khy’ree Jordan wat Sondagaand dood is nadat ’n voertuig hom in Elsiesrivier omgery het; sy innige meegevoel betuig met klein Khy’ree Jordan se familie en geliefdes in hierdie tyd van onmeetbare droefheid; en ’n beroep doen op ’n deeglike en deursigtige ondersoek en dat toepaslike ondersteuning aan die betrokke familie en gemeenskap verskaf word.

Goedgekeur.

19. Mnr P Johnson stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Laerskool Durbanville en die Primêre Skool Courtrai gelukwens nadat hulle hul onderskeie nasionale titels by die Rising Star-tennistoernooi gewen het wat vanaf 31 Oktober 2025 tot 3 November 2025 in Gauteng plaasgevind het; kennis neem dat albei spanne onoorwonne was, met Durbanville wat die heel eerste nasionale oorwinning vir seuns vir ’n Wes-Kaapse skool behaal het, en Courtrai se onder 13A-meisiespan wat tot hul oorwinnings by talle groot toernooie bygedra het; en hierdie jong atlete, hul afrigters en skole vir hul uitmuntende prestasies aanprys.

Goedgekeur.

20. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en Koketso Mogashoa, ’n meestersgraadstudent by die Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie, gelukwens nadat sy die toekenning vir die Beste Mondelinge Voorlegging by die SMLTSA-kongres gewen het; erkenning gee aan haar uitnemende navorsing oor die vroeë opsporing van endoteeldisfunksie in tipe 2-diabetes; kennis neem van haar toewyding en veerkragtigheid, en die ondersteuning van haar toesighouers en medewer-

kers; kennis neem dat hierdie prestasie haar, haar familie en KSUT eer besorg; en haar voortgesette sukses met haar akademiese en navorsingswerk toewens.

Goedgekeur.

21. Me N D Nkondlo stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van dr Franklik Sonn, gesiene opvoeder, diplomaat en sakeleier; erkenning gee aan dr Sonn se buitengewone diens aan Suid-Afrika, eers as beginselvaste en visionêre opvoeder, wat gevorder het tot die Rektor van die Skiereiland-tegnikon, en later as die land se eerste Ambassadeur in die Verenigde State in die demokratiese era; verder erkenning gee aan sy bydrae tot die sakewêreld, sy voorspraak vir ekonomiese bemagtiging en sy lewenslange toewyding aan geregtigheid, gelykheid en nasiebou; kennis neem dat sy leierskap, integriteit en morele oortuiging ’n blywende nalatenskap gelaat het in die onderwys, staatsdiens en harte van die talle mense wat hy geïnspireer het; en innige meegevoel betuig met sy familie, vriende, kollegas en almal wie se lewe hy aangeraak het.

Goedgekeur.

22. Mnr F Kamfer stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van Jule Philander, ’n 75-jarige inwoner van Hanover Park, ná weke van angs oor haar behuisingsomstandighede; kennis neem dat haar dood, te midde van hierdie krisis, die ernstige uitdagings beklemtoon wat weerlose inwoners in die provinsie die hoof moet bied; en innige meegevoel betuig met haar familie, geliefdes en die groter Hanover Park-gemeenskap.

Goedgekeur.

23. Me A P Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van Sharna Gail Fernandez, voormalige Speaker van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement en voormalige provinsiale Minister van Maatskaplike Ontwikkeling; haar uitsonderlike nalatenskap van openbare diens vereer, van haar vroeë gemeenskapsaktivisme wat in 2011 begin het, tot haar verkiesing tot die Parlement in 2014 waar sy as Speaker, en later as Minister van Maatskaplike Ontwikkeling, gedien het; kennis neem dat sy ’n passievolle kampvegter vir weerlose inwoners, begunstigdes vir maatskaplike toelaes en bejaardes was; verder erkenning gee aan haar persoonlike moed en veerkragtigheid, nadat sy vroeër in haar lewe ernstige siekte te bowe moes kom, sy met nederigheid en medemenslikheid gelei het, en mense die middelpunt van haar werk gemaak het; kennis neem dat haar toewyding aan vroueregte en haar onwrikbare stryd teen geslagsgebaseerde geweld steeds ’n integrale deel van haar nalatenskap is; en innige meegevoel betuig met haar moeder, haar seun en haar uitgebreide familie en vriende in hierdie tyd van droefheid.

Goedgekeur.

24. Mnr B N Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van Vincent Mthathi, ’n gerespekteerde senior bestuurder by die Codeta-hoofkantoor; kennis neem dat Mthathi met onwrikbare toewyding, integriteit en verbintenis gedien het, en ’n beduidende bydrae tot die organisasie se bedrywighede en leierskap gemaak het; kennis neem dat sy professionaliteit, leiding en onwrikbare diens hom die respek van kollegas, belanghebbendes en die groter vervoergemeenskap laat verdien het; verder kennis neem dat sy dood ’n diepe verlies is vir sy familie, vir Codeta en vir almal wat die voorreg gehad het om met hom saam te werk; en innige meegevoel

betuig met sy geliefdes, vriende en die Codeta-gemeenskap in hierdie moeilike tyd.

Goedgekeur.

25. Me P Z Lekker stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die tragiese dood van Angelo Adams van Mitchells Plain wat in ’n afgryslike kettingbotsing op Eislebenweg doodgery is; en innige meegevoel betuig met sy familie, vriende en almal wat sy dood betreur.

Goedgekeur.

26. Mnr B N Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die tragiese dood van Susan Kok (78) wie se lyk agtergelaat in ’n veld langs Waarburghweg in Joostenbergvlakte gevind is; en innige meegevoel betuig met haar dogter, Shireen Christians, haar kleinkinders, familie, vriende en die groter gemeenskap wat haar dood betreur.

Goedgekeur.

27. Mnr J Michels stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Kelly Shay Newman hartlik gelukwens met haar verkiesing tot die Vrouespringbokspan; kennis neem dat haar toewyding en harde werk werklik vrugte afgewerp het; Dimitri Erasmus gelukwens met sy deelname aan die Junior Springbok-rugbyspan wat die Wêreldbeker gewen het; kennis neem dat sy prestasies ’n bewys van sy talent en deursettingsvermoë is; ongelooflik trots uitspreek oor beide atlete; die hoop uitspreek dat hul sukses baie meer mense nie net in Grabouw nie, maar ook verder in die Wes-Kaap, sal inspireer; en die atlete bedank omdat hulle ’n inspirasie vir baie jeugdiges is, en omdat hulle die jeug positief inspireer.

Goedgekeur.

28. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe kommer kennis neem van die onlangse berigte oor ’n ontstellende styging in kinderverkragting in die Wes-Kaap, insluitende die afgryslike voorvalle van kind van 1 jaar en 9 maande oud en ’n 7-jarige leerder wat na bewering verkrag is; verder kennis neem dat hierdie voorvalle ernstige versuime in die stelsels vir kinderbeskerming beklemtoon, insluitende onvoldoende veiligheidsmaatreëls by skole, swak strukture vir gemeenskapsbeveiliging en onvoldoende meganismes vir voorkoming en ondersteuning; erkenning gee dat hierdie misdade ’n diepgaande skending van kinderregte en waardigheid verteenwoordig en dat dringende, gekoördineerde optrede deur die regering nodig is om weerlose kinders in die provinsie te beskerm; dus ’n beroep doen op die Wes-Kaapse Regering om dringend ’n interdepartementele taakspan saam te roep wat bestaan uit die departement van Onderwys, Maatskaplike Ontwikkeling en Polisietoesig en Gemeenskapsveiligheid, sowel as die SAPD, om ’n omvattende en tydsgebonde reaksieplan te ontwikkel om aandag te skenk aan die toenemende voorvalle van seksuele geweld teen kinders; verder ’n beroep doen op die staande komitees wat vir Maatskaplike Ontwikkeling en Gemeenskapsveiligheid verantwoordelik is, om onmiddellik toesig oor hierdie voorvalle uit te oefen en om te vereis dat die toepaslike departemente en die SAPD verslag doen oor die vordering met die ondersoeke, protokolle vir kinderveiligheid by skole, meganismes vir slagofferondersteuning en voorkomende ingrypings in gemeenskappe wat in gevaar verkeer; en die provinsiale regering aanspoor om beveiligingsmaatreëls by skole te versterk, om toe te sien dat alle sake vinnig en deeglik ondersoek word, om bykomende hulpbronne aan traumaberading en kinderbeskermingsdienste toe te wys en om met ouers,

skoolbeheerliggame, gemeenskapstrukture en burgerlikesamelewingsorganisasies te skakel oor voorkomingspogings.

Goedgekeur.

29. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe kommer kennis neem van die toename in die uitbreek van masels wat in die Wes-Kaap, veral in gemeenskappe soos Khayelitsha, Mfuleni, Eersterivier, Somerset-Wes, Mitchells Plain, Kraaifontein en Wesbank aangemeld is, waar kinders die meeste in gevaar verkeer; verder kennis neem dat die provinsiale Departement van Gesondheid en Welstand ’n beduidende afname in die dekking van kinderinenting aangeteken het, met die immunisering van kinders jonger as een jaar oud wat tot sowat 67,4% gedaal het, ver onder die teiken van 95% wat nodig is om tropimmuniteit te behaal en om wydverspreide oordrag te voorkom; erkenning gee dat masels ’n hoogs aansteeklike siekte is wat wel deur entstowwe voorkom kan word, wat tot ernstige komplikasies, insluitende longontsteking, diarree, harsingontsteking en blindheid, kan lei, veral onder babas en kwesbare kinders; die Nasionale Veldtog om Immunisasies in te Haal verwelkom, wat tans in die Wes-Kaap aan die gang is, waartydens alle staatsgesondheidsfasiliteite en uitreikspanne gratis roetine- en inhaalimmunisasies verskaf om immuniteitsgapings te vul; kommer uitspreek dat verminderde inentingskoerse nie net ’n bedreiging vir enkele kinders inhou nie, maar ook vir die hele bevolking, en gemeenskappe in groter gevaar vir verdere uitbrekings plaas; dus ’n beroep doen op die provinsiale regering om dringend gemeenskapsgebaseerde uitreikprogramme vir inenting in hoërisikogemeenskappe te verhoog, om kommunikasieveldtogte vir staatsgesondheid te versterk ten einde aandag te skenk aan verkeerde inligting en inentingsweifeling, om ’n bestendige en voldoende voorraad maselsentstowwe in samewerking met nasionale owerhede te verseker en om siektewaarneming, vroeë opsporing en aanmeldingsmeganismes te verbeter om vinnige reaksie moontlik te maak vir gevalle wat te voorskyn kom; en alle ouers, versorgers en gemeenskappe aanspoor om van die beskikbare staatsgesondheidsdienste gebruik te maak en om toe te sien dat alle kinders ten volle geïmmuniseerd is ten einde hul gesondheid te beveilig en die breër publiek te beskerm.

Goedgekeur.

30. Me N D Nkondlo stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe skok en verontwaardiging kennis neem van die wrede en sinnelose moord op ’n 27-jarige moeder, Simnikiwe Nkinisa, wat na bewering herhaaldelik deur haar kêrel, Olwethu Silelo, in Prince Alfred Hamlet, Ceres, gesteek is; verder kennis neem dat hierdie afgryslike daad die Witzenberg-gemeenskap getraumatiseer het en weer eens die skrikwekkende en toenemende werklikheid van geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord (GGGV) in die Wes-Kaap blootgelê het; diepe kommer uitspreek dat hierdie tragedie gedurende die 16 Dae van Aktivisme vir Geen Geweld teen Vroue en Kinders plaasgevind het, ’n tydperk wat bedoel is vir verskerpte optrede teen GGG, maar dat nog ’n vrou aan die hand van haar intieme lewensmaat dood is; met droefheid kennis neem dat Simnikiwe na bewering haar tweeling van die huis weggestuur het weens die toksiese en mishandelende omgewing wat die oortreder geskep het, ’n daad wat haar dapperheid om haar kinders te beskerm sowel as die stille lyding weerspieël wat talle vroue steeds verduur; die vinnige optrede verwelkom van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) om die verdagte aan te keer, wat tans in aanhouding by die Prince Alfred Hamlet-polisiestasie is; ’n beroep doen dat die ergste moontlike straf met skuldigbevinding opgelê word, en beklemtoon dat geregtigheid

nie net moet geskied nie, maar dit moet ook geskied om die gemeenskap se vertroue te herstel en om ander vroue teen soortgelyke leed te beskerm; innige meegevoel betuig met Simnikiwe se familie, veral met haar jong kinders, wat nou as gevolg van ’n lafhartige en sinnelose geweldsdaad die lewe sonder hul moeder moet aanpak; en verder volhou dat genoeg genoeg is: ons samelewing kan nie voortgaan om vroue en kinders te begrawe terwyl ons gevoelloos word vir die geweld rondom ons nie.

Goedgekeur.

31. Me N D Nkondlo stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en aangegryp word deur die dreigende konflikte van gelisensieerde taxi-operateurs teenoor ongelisensieerde en onwettige operateurs wat in Witzenberg op die roete tussen Prince Alfred Hamlet en Ceres bedrywig is; kennis neem dat hierdie konflik veroorsaak het dat vrouetaxi-operateurs geïntimideer en hul bestuurders gedreig is deur die ongelisensieerde operateurs op hierdie roete; kennis neem dat hierdie aangeleentheid by die plaaslike polisie aangemeld is en dat ’n saak van intimidasie geopen is, met die vrouetaxi-eienaar wat om ’n interdik teen hierdie onwettige operateurs aansoek gedoen het; ’n beroep doen op Minister Sileku en die Burgermeester om hierdie situasie ernstig op te neem omdat dit moontlik tot die dood kan lei en passasiers se lewens moontlik opgeoffer kan word; kennis neem dat dit, in hierdie tydperk van 16 dae van aktivisme, betreurenswaardig is dat vroue steeds geteister word en maklike teikens vir sulke wetteloosheid is ten volle aanskoue van owerhede en die sekuriteit van die land; ’n beroep doen op die Minister om dringend met die munisipaliteit te skakel oor die uitdagings met vervoerbeplanning wat tot hierdie krisis gelei het, terwyl dieselfde munisipaliteit die toenemende groei van die dorp as gevolg van die instroming van mense goedgekeur en aanskou het; die vraag vra waarom vervoerbeplanning – vervoer wat nodig is sodat mense kan pendel – sloer teenoor behuising, winkelsentrums en ander verwante ontwikkelings wat ekonomiese aktiwiteite aandryf; kennis neem dat dit skokkend is om by die Ceres-taxivereniging te verneem dat geen nuwe bedryfslisensies sedert 2011 in die gebied goedgekeur is nie, met ’n bevolking van 115 946, vooruitgeskat teen 162 7q5 vir 2025 en ’n jaarlikse groeikoers van 1,9%; kennis neem dat die Departement antwoorde moet verskaf oor hoeveel bedryfslisensies daar tans vir so ’n bevolking is en watter voorsiening gemaak is vir nuwe lisensies en hernuwings om voorsiening te maak vir die groei van byna 2% in die dorp; die narratief van ’n gewelddadige taxibedryf versterk; kennis neem dat die munisipaliteit en die Departement die taxibedryf as belangrike belanghebbendes in die beplanning en lisensiëring moet beskou, en aan hulle die respek en erkenning moet gee wat hulle aan groot sakeondernemings gee; Lid Benson Ngqentsu, sowel as die Hoof van die Departement van Mobiliteit, bedank omdat die Hoofdirekteur van Vervoerbedrywighede en ’n amptenaar van Vervoerwetstoepassing by die vergadering met belanghebbendes oor hierdie kwessie kon aansluit; en verder ’n beroep doen op die SAPD en wetstoepassing om beslissend op te tree om veiligheid in die dorp te herstel.

Goedgekeur.

32. Me A P Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat Wêreld-vigsdag op 1 Desember herdenk word, ’n internasionale dag van eenstemmigheid wat toegewy is om bewusmaking oor MIV en vigs te skep, en diegene vereer wat hulle lewe verloor het, en hertoewyding aan die stryd teen stigma, diskriminasie en ongelykheid toon; verder kennis neem dat Suid-Afrika steeds ’n beduidende MIV-las dra, wat vereis dat die

regering, die burgerlike samelewing en gemeenskappe saamwerk om voorkoming, behandeling en ondersteuningsprogramme te versterk; erkenning gee aan die vordering wat gemaak is deur middel van uitgebreide toegang tot antiretrovirale terapie, voortgesette openbare opvoeding en gemeenskapsgebaseerde inisiatiewe, terwyl daar erkenning gegee word dat meer gedoen moet word om aandag te skenk aan gapings in toegang tot gesondheidsorg, veral in weerlose en gemarginaliseerde gemeenskappe; dus ’n beroep doen op alle sektore om pogings te versterk om ’n geslag te behaal wat vry is van vigs; en sy toewyding herbevestig om bewysgebaseerde ingrypings te ondersteuning, om menseregte te beskerm en om toe te sien dat geen persoon in die stryd teen MIV en vigs agtergelaat word nie.

Goedgekeur.

33. Die Huis verdaag om 18:33.

NPetersen

Digitally signed by Nicole Petersen
Date: 2026.01.26 12:53:33 +02'00'

Nicole Petersen
Waarnemende Sekretaris van die Provinsiale Parlement